

SAAM MET JESUS IN DIE STORM

Mar 4:35-41 Laat daardie middag sê Jesus vir sy dissipels: “Kom ons vaar oorkant toe.” (36) Hulle het toe die mense wat daar was, daar laat bly en Hom saamgeneem in die skuit waarin Hy gesit het. Daar was ook nog ander skuite by. (37) Skielik het daar 'n groot storm losgebars, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat die skuit al begin vol word het. (38) Jesus het op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Hulle maak Hom toe wakker en sê vir Hom: “Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?” (39) Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: “Hou op! Bedaar!” Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom. (40) Toe sê Hy vir hulle: “Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?” (41) Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: “Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”

SAAM MET JESUS IN DIE STORM

- 1 JESUS IS UITGEPUT EN SLAAP
- 2 'N HEWIGE STORM BARS LOS
- 3 WAAR IS JESUS WANNEER DIE STORM TOESLAAN?
- 4 JESUS MAAK DIE STORM STIL
- 5 JESUS VRA TWEE GELOOFSBOU-VRAE
- 6 VAN VOL-VREES TOT VOL-ONTSAG

SAAM-PRAAT-VRAE:

- 1 Watter “lewenstorm” wat jy al beleef het was vir jou die ergste ? Waarom?
- 2 Watter troos hou dit vir jou in om te weet dat Jesus ware mens was ?
- 3 Watter soort vrae vra jy wanneer storms op jou toesak ?
- 4 Wat beleef jy as jy die woorde van vers 39 hoor?
- 5 Wat leer ons oor Jesus uit Sy storm-stilmaak wonderwerk?
- 6 Hoe lei Jesus sy dissipels tot geloofsgroei deur die twee vrae van vers 40?
- 7 Wat beteken dit om met groot ontsag vervul te word in vers 41 ?
- 8 Bespreek: *God belowe nêrens 'n kalm vaart nie maar wel 'n veilige aankoms*